**17 Desember** **Skrifgedeelte: Matteus 11: 10-19**
**Fokusgedeelte: Matteus 11:10**

## Die boodskapper van die koms van die Verlosser

Jesus beskryf Johannes die Doper as die profeet van wie Maleagi aangekondig het: "Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit; hy sal die pad vir jou regmaak." Hy was die grootste van die ou profete. Verskeie profete het die verlossingsboodskap oor die Messias verkondig, maar Johannes was die een wat sy pad reggemaak het. Hy moes die volk oproep tot bekering, omdat die koninkryk van die hemel naby gekom het. Koning Jesus was reeds byna daar. Toe kon Johannes van Hom sê: "Daar is die Lam van God …"

Daarom was Johannes die grootste van die profete. Tog is die geringste in die koninkryk van die hemel groter as hy. Deur Jesus se prediking en dade is die deurbraak van die koninkryk beleef. Jesus het siekes genees, liefde uitgedeel en op ’n gesaghebbende manier gepreek. Deur die geloof in Hom het selfs geringes in die koninkryksgawes gedeel, maar Johannes moes sterf voordat hy dit kon beleef.

*Sing: Skrifberyming 4-2:3* *Dr. Callie Opperman*